UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

| Unique number of paper<br>Unieke nommer van vraestel |
|---|
| 456993 |

UNISA

# CMP101-3 ( 456993)

Oktober/November 2002

## STRAFPROSESREG 101

Tydsduur : 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE :**

EERSTE : PROF PM BEKKER PROF K ALHEIT
ADV T DEANE

TWEEDE : PROF JJ JOUBERT

---

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye plus instruksies vir voltooiing van 'n merkleesblad.**

**HIERDIE VRAESTEL TEL 'N HONDERD PUNTE EN BESTAAN UIT TWEE AFDELINGS GEMERK A EN B. AFDELING A TEL 25 PUNTE EN AFDELING B TEL 75 PUNTE. U MOET ALBEI AFDELINGS BEANTWOORD. AFDELING A BESTAAN UIT 25 WAAR- OF VALS STELLINGS WAT U OP 'N APARTE MERKLEESBLAD MOET INVUL EN AFDELING B BESTAAN UIT DRIE VRAE WAT U IN DIE ANTWOORDBOEK MOET BEANTWOORD.**

### AFDELING A

**NB: Beantwoord asseblief hierdie vrae op die merkleesblad wat saam met u antwoordboek aan u uitgereik word. U moet die instruksies oor die voltooiing van die merkleesblad sorgvuldig deurlees. Versuim om dit te doen kan daartoe lei dat u antwoorde nie deur die rekenaar nagesien kan word nie.**

Hier volg 25 vrae (gemerk 1-25). Elke vraag bestaan uit 'n stelling wat WAAR of VALS is. U moet besluit of elke stelling waar of vals is en dit dienooreenkomstig aandui op die merkleeskaart wat aan u verskaf is. Indien stelling 1 WAAR is, dui u dit aan deur 'n strepie deur [1] by vraag 1 op die merkleeskaart te trek, en indien dit VALS is, trek u 'n strepie deur [2] by vraag 1. U het dus slegs die opsie om [1] of [2] langs elke vraag te kies. So gaan u voort totdat u al 25 stellings oorweeg het.

**ONTHOU: [1] dui WAAR aan**
**[2] dui VALS aan**

**[BLAAI OM]**

**Vraag 1**

'n Interdik is 'n bevel waarvolgens 'n funksionaris in die strafproses ('n aanklaer of polisiebeampte, byvoorbeeld) aangesê word om sy/haar funksies op 'n voorgeskrewe wyse uit te voer.

**Vraag 2**

Die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling het presies dieselfde appèl jurisdiksie as 'n provinsiale afdeling.

**Vraag 3**

Beide 'n streekhof en 'n distrikshof kan verklaring tot gewoontemisdadiger as strafsoort oplê.

**Vraag 4**

Dit is in beginsel onreëlmatig vir die howe om in te gryp in enige *bona fide* besluit van die vervolgingsgesag.

**Vraag 5**

Alhoewel die polisie die ondersoek na misdaad behartig en 'n dossier voorberei, is dit die aanklaer wat bepaal wat die aanklagte teen die beskuldigde sal wees.

**Vraag 6**

'n Aanklaer mag 'n aanklag terugtrek of 'n vervolging staak sonder die toestemming van die direkteur van openbare vervolgings.

**Vraag 7**

Werklike skade wat gely is as gevolg van die pleging van 'n misdaad word vereis voordat 'n private vervolging ingestel kan word; toekomstige skade of die vrees vir toekomstige inbreukmaking op regte is nie genoeg nie.

**Vraag 8**

'n Regsprekende amptenaar is verplig om 'n onverdedigde beskuldigde in te lig dat hy/sy 'n reg op 'n regsverteenwoordiger het.

**Vraag 9**

'n Beskuldigde moet verwittig word dat hy/sy daarop geregtig is dat 'n regspraktisyn op staatsonkoste aan hom/haar voorsien moet word indien dit andersins tot wesenlike onreg sou lei.

[BLAAI OM]

**Vraag 10**

'n Beskuldigde het die reg op effektiewe of bevoegde regsverteenwoordiging.

**Vraag 11**

'n Hof mag die afwesigheid van 'n beskuldigde van sy/haar verhoor magtig indien sy/haar fisiese toestand sodanig is dat hy/sy nie in staat is om die verhoor by te woon nie.

**Vraag 12**

By betaling van 'n boete sonder verskyning in 'n hof (skulderkenning) betaal 'n oortreder 'n bepaalde bedrag geld sodat hy/sy nie vervolg word nie.

**Vraag 13**

Wanneer 'n beskuldigde iemand gedood het en hy/sy beroep hom/haar op die beskerming verleen deur artikel 49(2) rus die bewyslas op hom/haar om op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat aan die vereistes van die artikel voldoen is.

**Vraag 14**

Die bevoegdheid om te dood kragtens artikel 49(2) van die Strafproseswet bestaan slegs ten aansien van omskrewe ernstige misdade, naamlik dié wat in die Eerste Bylae van die betrokke Wet genoem word.

**Vraag 15**

Artikel 205 van die Strafproseswet is veral daarop gemik om persone wat oor inligting oor 'n beweerde misdaad beskik maar dit nie aan die polisie wil openbaar nie, te dwing om die inligting te verskaf.

**Vraag 16**

Wanneer 'n regterlike beampte besluit of daar redelike gronde vir die uitreiking van 'n visenteringslasbrief bestaan, oefen hy/sy 'n diskresie uit, net soos die diskresie wat hy/sy uitoefen by die verlening van borgtog, die uitstel van 'n verhoor en oplegging van vonnis.

**Vraag 17**

'n Lasbrief kan slegs gedurende die dag uitgevoer word.

**Vraag 18**

Terwyl lasbriewe slegs bevoegdhede tot deursoeking en beslaglegging aan polisiebeamptes verleen, is privaat persone sowel as polisiebeamptes bevoeg om deursoeking en beslaglegging sonder 'n lasbrief uit te voer.

**[BLAAI OM]**

**Vraag 19**

By die inhegtenisneming van iemand, kan die arresteerder die gearresteerde visenteer en 'n in artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag neem wat in die besit of onder die beheer van die gearresteerde persoon is.

**Vraag 20**

Versuim om in die hof te verskyn of die verbreking van enige ander borgvoorwaarde is 'n strafregtelike oortreding.

**Vraag 21**

Elkeen wat weens 'n beweerde oortreding gearresteer word, het die reg om, behoudens redelike voorwaardes, uit aanhouding vrygelaat te word indien die belange van geregtigheid dit vereis.

**Vraag 22**

Die weiering van borgtog of die bedrag wat vir borgtog vasgestel word, mag nie gesetel wees in een of meer van die oogmerke van straf nie, byvoorbeeld om die oortreder te straf of om ander "oortreders" af te skrik nie.

**Vraag 23**

Polisie-borg kan slegs toegestaan word voor 'n beskuldigde se eerste verskyning in die laerhof.

**Vraag 24**

Vervolgingsborg duur slegs voort tot by die beskuldigde se verskyning op die eerste hofdag.

**Vraag 25**

Vorige veroordelings mag nie deur die staat bewys word in die loop van 'n aansoek om borgtog nie. **[25]**

## AFDELING B

**Hierdie afdeling bestaan uit drie vrae. U moet al drie vrae beantwoord in die antwoordboek. Let op dat u 'n keuse het in die laaste onderafdeling van elke vraag. Motiveer u antwoorde volledig.**

**Vraag 1**

(a) A en B word gesamentlik aangekla van bedrog. Na die aanvang van die verrigtinge versoek A se prokureur dat die verhoor voortgaan in die afwesigheid van sy kliënt A, wat terminaal siek is. Sal A suksesvol wees in so 'n aansoek? Bespreek kortliks. **(8)**

**[BLAAI OM]**

(b) Bespreek die vereistes vir 'n regmatige inhegtenisneming. **(12)**

**OF**

Bespreek die bevoegdheid van private persone om 'n persoon in hegtenis te neem sonder 'n lasbrief. **(12)**

(c) Noem die wyses waarop 'n dagvaarding om in die hof te verskyn, aan die beskuldigde beteken kan word. **(5)**
**[25]**

**Vraag 2**

(a) Bespreek die beginsels wat betrekking het op die privilegie teen selfinkriminasie en dui die samehang aan wat hierdie privilegie het met die vermoede van onskuld. **(12)**

(b) X was van moord op Y aangekla maar die direkteur van openbare vervolgings het as gevolg van verskeie redes, geweier om hom/haar te vervolg. Y se familie is baie ontsteld hieroor en nader u vir regsadvies. Adviseer Y se familie ten opsigte van die regsmiddele tot hulle beskikking en verduidelik die inhoud daarvan met spesifieke verwysing na die persone wat bevoeg sal wees om so 'n vervolging waar te neem. **(13)**

**OF**

Bespreek kortliks die struktuur en samestelling van die nasionale vervolgingsgesag. **(13)**
**[25]**

**Vraag 3**

(a) Bespreek die betekenis van die begrip "buitengewone omstandighede" waar 'n beskuldigde aangekla word van 'n misdryf bedoel in Bylae 6 van die Strafproseswet 51 van 1977 en hy/sy getuienis aanbied wat die hof oortuig dat sy/haar vrylating in belang van geregtigheid geoorloof is. **(15)**

(b) Bespreek die beginsels wat van toepassing is op die verbetering van foute in 'n aanklag. **(10)**

**OF**

Bespreek die bewys van vorige veroordelings deur die staat tydens 'n aansoek om borgtog. **(10)**
**[25]**

**TOTAAL: 100**

©
Unisa 2002